VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

13 Junie **Rhode Kruger,** Berts Bricksweg 55. Wyk 19

14 Junie **Paul Krüger,** Le Rouxstraat 4, ☎ 076 993 3775. Wyk 1

Izak Potgieter, Vyfhoek Hoewe 388, ☎ 082 579 5378. Wyk 2

15 Junie **Liezel van Schalkwyk,** Eikenhof Dameskoshuis, ☎ 083 766 9391. Wyk 17

18 Junie **Jorinda Marais,** Oudeberg Estate 6, ☎ 081 347 8159. Wyk 17

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 20 Junie 2021** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstras in u koswaentjie en bring dit saam kerk toe.

Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottel-goedseep, toiletpapier. ***Baie dankie vir u ondersteuning***.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 21 Sondag 13 Junie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 9 **Paul Schutte** en wyk 10 **Flip Mostert**.
Diakens: Wyk 9 vakant en wyk 10 **Gerhard Willemse.**

EREDIENSTE Beide eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: Woordbediening: 1 Petrus 1:1 - 9 (AFR'83).
Fokusverse: 1 Petrus 1: 6, 7.
TEMA: *"Waarom moet uitverkorenes tot die lewende hoop deur beproewings bedroef gemaak word?"*
Sing: Psalm 66: 1, 4, 9; Psalm 126: 1, 2, 3; Psalm 116: 1, 2, 3, 6; Skrifberyming 39: 3, 4 (Tema 15 – 3).

AAND: *Erediens 18:00*
Woordbediening: Matteus 5:1 - 12; 21 - 25; 38 - 48.
Fokusverse: Eksodus 20: 2, 13 (vgl. ook Jakobus 4:1 - 6).
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 40.
Sing: Psalm 104:1, 2, 8, 9, 17, 18, 20; Psalm 34:6; Psalm 10:3, 4, 5, 6, 9.

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die ere-dienste u maskers te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Kinder en Ouetehuise (SDDS)** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Beskerming van lewe in die lig van die derde vlaag van die Covid-pandemie

In die lig van die huidige vlaag Covid-19 infeksies, en die feit dat Potchefstroom tans 'n brandpunt is, het die ouderlinge en diakens gevolg gegee aan 'n voorstel van die bedieningskommissie:

· dat ds Jannes en prof Callie huisbesoeke beperk word tot noodgevalle, en huisbesoek deur ouderlinge en diakens vir eers afgelas word;

· dat weeksdag katkisasie virtueel plaasvind tot na die wintervakansie en dat katkisasie op Sondae ná die wintervakansie hervat word;

· dat Bybelstudie ook vir die duur van die derde golf oorstaan;

· dat die viering van die Nagmaal uitgestel word tot die derde golf verby is (in ag genome dat huisbesoek nie betyds afgehandel kan word nie);

· dat die ouderlinge met diakens die besluit hersien sodra die golf verby is, en 'n datum vir die viering van die Nagmaal vasstel.

Die ouderlinge en diakens roep die gemeente op om voorbidding te doen vir lidmate en hulle huisgenote wat tans behandel word vir Covid-19.

Eredienste sal nog voortgaan en u word opgeroep om pal u maskers te dra en om gesonde afstand te handhaaf.

Kom ons gee ag op mekaar en tree ook op as verantwoordelike rentmeesters van die kosbare lewe wat die Here aan ons gegee het.

Ons bid ook dat daar blywende uitkoms mag kom.

LIEF EN LEED

Hermien van der Spoel het die afgelope week 'n heupvervangingsoperasie ondergaan. Ons is saam met haar en haar geliefdes dankbaar vir die seën van die Here op die operasie. Sy sou na verwagting Donderdag ontslaan word en daarná by haar dogter aansterk. Dit is ons gebed dat Hermien weer goeie lewenskwaliteit sal geniet.

Leone Malan 073 07376 5321 is verlede naweek in die hospitaal opgeneem met ernstige longontsteking. Ons is saam met haar en br. Nico baie dankbaar vir die mate van herstel wat sy ontvang het. Sy sou ook Donderdag ontslaan word en tuis in isolasie verder aansterk. Mag die Here u met sy goedheid naby wees.

Koos Nortjé 079 760 3602 het Woensdag 'n knie-vervangingsoperasie ondergaan en hy en Susan sterk vir 'n paar dae by Banie-hulle aan. Ons bid u elkeen spoedige herstel en goeie gesondheid tot eer van die Here toe.

May Vorster 082 877 0647 het die afgelope week 'n besering aan haar biseps opgedoen en moes Woensdag 'n sonarondersoek ondergaan. Sy het Donderdag 'n afspraak met die chirurg gehad. Dit is ons gebed dat die Here die behandeling waarop besluit sou word, ryklik sal seën.

Indien daar enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is in u wyk, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na *ds Jannes van Dyk* **072 224 7181 of aan** *Malie Wyma* **072 373 7361 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

DAGBOEK

Katkisasie lesrooster

2020 Belydenisklas: Donderdag 17 Junie om 15:00 via WhatsApp video-oproep (HK Sondag 11, 12 – vervolg).

· **Hoërskoolkatkisasiegroep:** Donderdag 17 Junie om 19:30 via WhatsApp video-oproep (Les 7).

· **2021 Belydenisklas:** Donderdag 17 Junie om 18:30 via Microsoft Teams (HK Sondag 47, 48).

Hulpkategete

Van ons katkisasiegroepe word bedien deur teologiese studente. Hierdie broers ontvang gereeld die geleentheid om hulle preekgawes te oefen deur in eredienste elders voor te gaan (hetsy preke of leesdienste). Indien daar lidmate is wat hulle weg oopsien om hierdie broers se hande ligter te maak en uit te help met die katkisasie, kontak asb vir ds. Jannes. 'n Toerustingsgeleentheid vir ouers en hulpkategete word beplan vir na die wintervakansie. Meer inligting sal later deurgegee word.

BYBELSTUDIES:

Do	17/6	18:30	Virtueel	Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

VAN ONS KERKRAAD

Kassiersverslag

OPSOMMING INKOMSTE EN UITGAWES 31 Mei 2021	WERKLIK	BEGROOT	VERSKIL
Inkomste	332 682.00	300 714.00	31 968.00
Uitgawes	- 324 452.00	- 337 814.00	13 362.00
Surplus	**8 230.00**	**- 37 100.00**	**45 330.00**

Banksaldo op 30 April 2021	**715 189.50**
Glacier Belegging aanvangsbedrag op 12 /02/2015	**1 200 000.00**
Onttrekkings	205 000.00
Markwaarde op 28 Februarie 2021	**1 844 631.00**

Opmerkings oor verslag:

Die bedrag van R513 000 wat op Geldmark was, is oorgeplaas na die tjekrekening, dit verklaar die saldo van R 715 189-50.

Die bedrag is op Geldmark geplaas en verteenwoordig 'n surplus wat ontstaan het in die vorige finansiële jaar toe ons vakant was.

Die bedrag gaan gebruik word om die oprigting van die nuwe heining, asook 'n begrote tekort vir 2020-2022 te befonds.

Die Kerkblad is beskikbaar in die saal.

Die Kerkblad het met 'n grootskaalse bemarkingsveldtog begin om die blad bekend te stel en nuwe intekenare te werf. Vir lidmate wat nie ingeteken is nie, is daar gratis kopieë van die jongste en vorige uitgawes beskikbaar by die deur naaste aan die saal. U kan gerus 'n kopie neem en ons vertrou dat meer van ons lidmate dan sal inteken. U is ook baie welkom om met my of **Piet Aartsma** 083 532 9308 te skakel, wat aangebied het om as skakelpersoon van ons gemeente op te tree.

Intekening kan by die Administratiewe Buro gedoen word, of u kan met my skakel by 082 337 7951 **Prof Callie**.

Die spesiale kollektes in Junie 2021 gaan vir:

Sondag	6 Junie	Bybelverspreiding
Sondag	13 Junie	**Kinder en Ouetehuise (SDDS)**
Sondag	20 Junie	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	27 Junie	Christelike Onderwys

Bybelverspreiding:

Geliefde gemeente, U hulp word benodig!
By die kollektesakkies sal U die bybel-verspreidinghouertjies vind. Neem gerus een of twee saam huis toe. Die Pil-houertjies kan gevul word met **R2-munte** en die karton silendertjies is vir kontant donasies. Sodra die pilhouertjie tot bo vol is, borg u 'n Bybel! Die houertjies kan in die kollektesakkies gegooi word of u kan dit aan Benjamin Boersema oorhandig. Kontak hom gerus vir meer houertjies of enige navrae. Sel-foon: 071 382 4620 e-pos: benjaminboersema@gmail.com

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bied met dankbaarheid die tweede Virtuele "Draf/Stap/Fietsry vir Hoop" aan op DV 21 en 22 Augustus 2021. Elke deelnemer se inskrywingsgeld van R100 is 'n bydrae tot ons 2 Miljoen Bybels projek. Daarmee word elke deelnemer 'n SAAIER van HOOP. Daar is verskillende maniere waarop jy kan deelneem. Gebruik die volgende skakels vir toegang:

- Webblad: https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/ of
- Facebook: https://fb.me/e/4j1OK1ohV?ti=wa